Adres | Varsityweg, Tamboerskloof, Kaapstad, 8001
Webtuiste | huppelland.co.za
E-pos | huppelland@jvrprim.co.za
Tel | 021 424 6056

# HUPPELLAND RIGLYNE VIR TOELATING

1. Ons verwelkom alle aansoeke!

2. Huppelland streef daarna om alle Suid-Afrikaners wat Afrikaanssprekend is, of Afrikaans omarm, tuis te laat voel. Hoewel die skool se voertaal Afrikaans is, het ons nie vooroordele wat huistaal betref nie. Dit is wel belangrik om te weet dat die onderrigtaal Afrikaans is en derhalwe waar leerders daagliks Afrikaans tuis hoor (hetsy deur een of meer ouers, grootouers of voogde) hulle makliker aanpas en leer in die skool.

3. Huppelland is 'n privaat, skoolfonds-betalende skool en voornemende ouers moet skriftelik onderneem om die skoolfonds te betaal. Agterstallige skoolfonds t.o.v. bestaande Laerskool Jan van Riebeeck- asook Huppelland-sibbe, sal die aansoek negatief beïnvloed.

4. Ouers en leerders ontmoet met die skoolhoof, departementshoof of 'n ander afgevaardige personeellid, voordat toelating bevestig kan word.

5. Aansoekvorms moet elektronies gestuur word óf by die Huppellandkantoor ingedien word gedurende die eerste kwartaal van skool in die jaar voordat die kleuter by Huppelland wil aansluit. Ouers sal op 30 April in kennis gestel word van plasings.

6. Klasgroottes word bepaal deur die Beheerliggaam van Laerskool Jan van Riebeeck en kan 'n invloed hê op die hoeveelheid beskikbare plekke vir nuwe leerders. Sou die hoeveelheid aansoeke wat ons kry beskikbaarheid oorskry, word prioriteit as volg hanteer:

   a) Kleuters wat reeds boeties en sussies in Huppelland of by Laerskool Jan van Riebeeck het.
   b) Kleuters wat in die stadskom woonagtig is.

7. Ons aanvaar kleuters in die jaar wat hulle vier word, mits hulle toiletgereed is.

**<u>VERKLARING DEUR OUER / VOOG</u>**

Ek, ____________________________, ouer/wettige voog van _________________________ het Huppelland se riglyne vir toelating bestudeer en onderneem hiermee om my daarby neer te lê.

.................................................... ..................................................

**Handtekening** **Datum**

# BETALING VAN SKOOLFONDS EN ONDERNEMING

Huppelland is 'n privaatskool en betaling van skoolfonds is verpligtend. Skoolfonds word jaarliks op die skool se webtuiste gepubliseer en indien skoolfonds nie betaal word nie, sal die leerder se plek aan 'n ander leerder wat op die waglys is, gegee word.

Ek, die ondergetekende, ____________________________________________________________ met my straatadres te_________________________________________________________________ onderneem hiermee om vir inskrywing van my kind ___________________________________ by Huppelland Jan van Riebeeck Pre-Primêr (hierna verwys as "Die Skool") 'n administrasiefooi van **R250.00** (tweehonderd- en vyftig rand) en 'n plasingsfooi van

**R2 950.00** (tweeduisend-negehonderd en vyftig rand) te betaal onderhewig aan die volgende bepalings:

1. Ek moet die administrasiefooi by aansoek betaal en bewys daarvan met aansoek inhandig (gebruik kind se naam as verwysing). Die plasingsfooi moet betaal word soos voorgeskryf in die skrywe waarin ek meegedeel is dat my aansoek om toelating suksesvol was.

2. Die Skool sal die plasingsfooi na goeddunke aanwend, ondermeer vir die ontwikkeling van Die Skool.

3. Die plasingsfooi is nie terugbetaalbaar nie.

4. Ter wille van duidelikheid, die plasingsfooi is nie ter vervanging van skoolfondse nie.

5. **Bankbesonderhede**:

| | |
|---|---|
| Naam van rekeninghouer: | LAERSKOOL JAN VAN RIEBEECK |
| Finansiële instansie/bank: | ABSA |
| Takkode: | 632005 |
| Rekeningnommer: | 0360490025 |
| Tipe rekening: | TJEK |
| Verwys: | [Naam van kind] |

6. Let wel:
   6.1 Met ontvangs van aansoek sal aansoek geliasseer word en die Keuringskomitee sal na sluiting van aansoekdatum alle aansoeke oorweeg vir plasing.
   6.2 Ouers sal teen einde April in kennis gestel word of hulle aansoek suksesvol was al dan nie.
   6.3 Indien nie suksesvol nie, moet ouers weer die volgende jaar tydens die eerste kwartaal aansoek doen om toelating vir die volgende jaargroep.

**Deur ondertekening van hierdie dokument aanvaar ek die bostaande bepalings en onderneem ek om die skoolgeld stiptelik te betaal. Ek bevestig ook dat ek bewus is van die jaarlikse skoolfooie soos op die skool se webtuiste gepubliseer.**

Geteken op die ................ dag van ..................................20........... te ..............................................

................................................................ ................................................................

HANDTEKENING: **Ouer 1 / Voog 1** HANDTEKENING: **Ouer 2/ Voog 2**

# LEERDER SE MEDIESE BESONDERHEDE – TOESTEMMING

In ‘n noodgeval, hou asseblief ingedagte dat daar nie tyd mag wees om na die leerder se rekords te verwys nie. Die skool behou dus die reg voor om van die vinnigste mediese dienste gebruik te maak.

Ek,________________________________________________, die Ouer/Wettige Voog van

___________________________________ gee hiermee my toestemming dat ‘n mediese praktisyn

noodsaaklike mediese behandeling mag toedien soos nodig.

……………………………………………….

**Handtekening van Ouer/Wettig Voog** **Datum: ………………………**

# LAERSKOOL JAN VAN RIEBEECK GRONDBEGINSELS MET VISIE EN MISSIE

Huppelland is die Pre-Primêre skool van Laerskool Jan van Riebeeck en amper al ons leerders skuif van Huppelland oor na die Laerskool. Dit is vir ons belangrik dat ons voormalige ouers bewus is van die Laerskool se Grondbeginsels en Missie en Visie.

## GRONDBEGINSELS VAN LAERSKOOL JAN VAN RIEBEECK:

i. die gebruik van Afrikaans as voertaal in 'n enkelmedium openbare skool;
ii. die handhawing van akademiese uitnemendheid in 'n milieu waar klem geplaas word op die totale ontwikkeling en breë opvoeding van die kind;
iii. die bestuur van die skool op ‘n grondslag wat versoenbaar is met Christelike waardes, maar sonder dat die etos van die skool uitsluitlik op een geloof of denkwyse (ter uitsluiting van enige ander geloof of denkwyse) gegrond word, en waar geloofskwessies deurgaans sensitief hanteer word.
iv. die bedryf van 'n inklusiewe en diverse gemeenskapskool met akkommodering van alle leerders en personeel wat hulle met bogenoemde kernwaardes vereenselwig.

## MISSIE / VISIE

Dit is ons doel om ons leerders se totale potensiaal as mense te herken, te ontgin en te ontwikkel. Ons fokus daarop om waardes en norme soos wedersydse respek en verdraagsaamheid te bevorder en poog om leerders deur kwaliteitsonderrig in ’n georganiseerde milieu te begelei op hul pad van ontwikkeling tot afgeronde, verantwoordelike en selfstandige persone. Deur moedertaalonderrig in Afrikaans, streef ons daarna om ons leerders geestesweerbaar te maak en om hulle vaardighede en talente gebalanseerd te ontwikkel vir die eise van ons tyd.

Met bogenoemde as doelstelling poog ons om:

- seker te maak dat elke leerder hom/haarself kan wees;

- seker te maak dat die leerder die beste ondersteuning kry om hom/haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe;
- elke leerder die geleentheid te bied vir die optimale verwesenliking van sy/haar vermoëns en talente op al die terreine waarop die skool hom begeef;
- elke leerder sekuriteit en geborgenheid te bied in die skoolgemeenskap en om die leerder te beskerm;
- die leerders die beginsels van wedersydse respek en meegevoel te leer sodat hulle na mekaar se belange omsien in 'n gees van samewerking en ondersteuning;
- as skool en ouers in vennootskap saam te werk ten einde die beste aan elke leerder te bied.

Dit is verder ons missie om die grootste mate van geluk vir almal te verseker wat by die Laerskool Jan van Riebeeck betrokke is: leerders, onderwysers en ouers. Ons beskik oor gehalte opvoeders en voldoende geriewe om leerders te lei in die ontwikkeling van hulle volle potensiaal. Ons poog om vir ons leerders kwaliteitsonderrig te bied binne 'n veilige milieu in vennootskap met die ouers, wat 'n integrale deel van die opvoedingspan vorm en om sodoende ons leerders te begelei om hul volle potensiaal te bereik en verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle talente, regte en voorregte.

**<u>VERKLARING DEUR OUER/VOOG</u>**

Ek, ________________________________________, ouer/wettige voog van__________________________,

het die Laerskool Jan van Riebeeck se Visie en Missie bestudeer en onderneem hiermee om my daarby neer te lê.

| | |
|---|---|
| ..................................................... | .................................................. |
| **Handtekening** | **Datum** |

# LAERSKOOL JAN VAN RIEBEECK SE BELEIDE

Laerskool Jan van Riebeeck het verskeie beleide wat die skool se organisasie ondersteun. Dit verseker ook effetiewe bestuur om sodoende ons leerders, ouers en personeel te beskerm. Ons beleide word gereeld hersien en aangepas, daarna word die nuutste beleide op ons skool se webtuiste gepubliseer. Baie van hierdie beleide is ook op toepassing op Huppelland.

Alle ouers en leerders moet onderneem om hulle by Laerskool Jan van Riebeeck se beleide neer te lê. Volg asb die volgende skakel om die skool se beleide te lees:

https://laerskooljanvanriebeeck.co.za/beleide/

**VERKLARING DEUR OUER/VOOG**

Ek, ______________________________, ouer/wettige voog van ___________________________________, het die skool se **BELEIDE** bestudeer en onderneem hiermee om my daarby neer te lê.

.................................................... ................................................

**Handtekening** **Datum**

## BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING (POPI-WET)

Hiermee gee ek toestemming dat:

- die Skool die persoonlike inligting wat ek aan die skool verskaf, van myself en my kind, om by die skool in te skryf, te versamel, bewaar en opdateer.
- die Skool die nodige persoonlike inligting slegs vir 'n wettige doel aan 'n gemagtigde verteenwoordiger van die skool mag verskaf.
- die skool of die skool se gemagtigde verteenwoordiger redelike stappe mag neem om te verseker dat ons persoonlike inligting volledig, akkuraat en nie misleidend is nie en waar nodig, opgedateer mag word.

Geteken op die ........... dag van ..................................20........... te............................................

........................................................ ........................................................

HANDTEKENING: **Ouer 1 / Voog 1** HANDTEKENING: **Ouer 2/ Voog 2**